

# Beroepsmoontlikhede

Die gesogte geoktrooieerde rekenmeesterskwalifikasie (GR) word internasionaal erken en hoog aangeslaan. Geoktrooieerde rekenmeesters kan maatskappye se finansiële state ouditeer en is ook vir heelwat ander werk in aanvraag, bv. as finansiële bestuurders, bestuursrekenmeesters en belastingkundiges.

Om die GR-kwalifikasie te behaal, moet jy eers die graad BRek (drie jaar) en daarna die graad Hons BRek (een jaar) behaal. Daarna moet jy die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) slaag. Kandidate moet ook aan die SAIGR se vereistes vir praktiese ervaring (minimum drie jaar) voldoen. Die leerplan van die SAIGR het ten doel om kandidate voor te berei in Finansiële Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur, Ouditkunde en Belasting sodat hulle as geoktrooieerde rekenmeesters in die privaat en openbare sektor kan funksioneer.

In hierdie program moet jy al die voorgeskrewe modules volg. Daar is geen keusemodules nie. Benewens die slaag van die BRek-graad, bestaan daar verdere toelatingsvereistes tot die Hons BRek-program.

**Ons programme is in groot aanvraag en plek is beperk; daarom is al die Fakulteit se programme keuringsprogramme. Aansoeke om toelating moet die Universiteit voor 30 Junie bereik om in aanmerking te kom vir die eerste keuringsronde. Laat aansoeke sal nog aanvaar word tot en met 30 September.**

**Verdere inligting is beskikbaar by:**

Webtuiste van Fakulteit: [www.sun.ac.za/ems](http://www.sun.ac.za/ems)

Webtuiste vir voornemende studente: [www.maties.com](http://www.maties.com)

US Kliëntedienssentrum: [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) of tel. 021 808 9111

Ilze Gelderblom (EBW-werwingsbeampte): [ilzeg@sun.ac.za](mailto:ilzeg@sun.ac.za) of tel. 021 808 3843

Nazli Daniels (EBW-fakulteitsekretaris/registrasies): [ndaniels@sun.ac.za](mailto:ndaniels@sun.ac.za) of tel. 021 808 4837



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

